



Van vyandigheid na versoening: Kolossense as narratief van kosmologiese verhuising

J.J. Fritz Krüger
Navorsers: Skool vir Kerkwetenskappe
Potchefstroomkampus
Noordwes-Universiteit
POTCHEFSTROOM
E-pos: fritzkruger@telkomsa.net

Abstract

From animosity to reconciliation: Colossians as narrative of cosmologic migration

Ethical discussion concerning the phenomenon of animosity can gain a lot in depth and effectiveness if a strategy is followed of uncovering the cosmological narratives on which worldviews are based. Each worldview generates its own ethical system on the basis of fundamental metaphysical matrices in the form of cosmological narratives. In this article, the letter to the Colossians is used to demonstrate how a cosmological narrative of cosmic estrangement results in an ethic of animosity, while a cosmological narrative of reconciliation in Christ results in an ethic of peace and reconciliation. Three cosmological narratives are compared for this purpose: a popular pagan, a Jewish apocalyptic mystical and a Christ-centred cosmological narrative are read together. In this way it is demonstrated that a new ethic – which ends the common animosity of our world – is only possible if a cosmic migration occurs, from the kingdom of darkness to the kingdom of the beloved Son, Jesus Christ. In the discussion, the church will play a prominent role as exemplary community of the new creation, because it is in the church that the peace of Christ, the result of his victory over the powers, rules over and in people, in this way establishing new relationships of peace and justice.

Opsomming

Van vyandigheid na versoening: Kolossense as narratief van kosmologiese verhuising

Etiese diskussie oor die verskynsel van vyandigheid kan baie wen aan diepgang en effektiwiteit indien 'n strategie gevolg word van die naspeur van kosmologiese narratiewe onderliggend aan wêreldbeskouings. Elke wêreldbeskouing genereer 'n eie etiese sisteem op die basis van fundamentele metafisiese matrikse in die vorm van kosmologiese narratiewe. In hierdie artikel word die brief aan die Kolossense gebruik om te demonstree hoe 'n kosmologiese narratief van kosmiese vervreemding 'n etiek van vyandigheid tot gevolg het, terwyl 'n kosmologiese narratief van versoening in Christus 'n etiek van vrede en versoening tot gevolg het. Drie kosmologiese narratiewe word vir dié doel met mekaar vergelyk: 'n populêr-pagane, 'n Joods-apokalipties-mistiese en 'n Christosentriese kosmologiese narratief word naas mekaar gestel. Op hierdie wyse word aangetoon dat 'n nuwe etiek – waarmee die verskynsel van algemene vyandigheid in ons wêreld beëindig word – slegs moontlik is indien 'n kosmologiese verhuising eers plaasvind, naamlik uit die ryk van duisternis na die ryk van die geliefde Seun van God, Jesus Christus. In die bespreking speel die kerk as eksemplariese gemeenskap van die nuwe skepping 'n prominente rol, omdat juis in die kerk die vrede van Christus, as resultaat van sy oorwinning oor die magte, oor en in mense regeer, en so nuwe verhoudings van vrede en geregtigheid vestig.

1. Inleiding

Wanneer 'n mens in 'n wêreld woon wat gekenmerk word deur diepgewortelde vyandigheid¹ (vgl. Hein, 2004:308), kan jy nie anders as om te vra of dit ook anders kan word nie. Dit lyk egter asof blote woorde magteloos is teenoor so 'n fundamentele vyandigheid. Christene se pogings om verandering te bewerk en vrede en versoening te vind, kom dikwels neer op voorskriftelike uitsprake, wettiese en emosiebelaaide uitlatings of 'n fundamentalistiese aanhaal van Bybelverse (vgl. Marxsen, 1993:184). Nodeloos om te sê, is die resultaat gewoonlik teleurstellend. Niks verander regtig nie,

1 Die oorsig oor subdomeine binne domein 39, "Hostility, Strife" in die woordeboek van Louw en Nida (1989:492) bied 'n handige opsomming van die verskillende moontlike kategorieë van vyandigheid – ten minste semanties gesproke. Die konkrete manifesterings van vyandigheid is oneindig en skrikwekkend gevarieerd.

behalwe dat die wedersydse vyandigheid tussen opponerende groepe nog dieper en feller word.

In hierdie artikel word aangetoon dat daar behoefte is aan 'n alternatiewe strategie vir die hantering en behandeling van vyandigheid in ons wêreld – 'n strategie wat gebruik maak van wêreldbeskouings en kosmologiese narratiewe. Wêreldbeskouings genereer etiese sisteme, skryf hulle voor en hou hulle in stand op die basis van fundamentele metafisiese matrikse (vgl. Geertz, 1973:108; Bowker, 1990:9; Wilson, 1997:104). Sodanige metafisiese matrikse – in die vorm van kosmologiese narratiewe – is dus die vertrekpunt in hierdie artikel. Sonder 'n bespreking van hierdie matrikse is betekenisvolle gesprek oor en begrip van etiese kwessies baie moeilik. Dit word in hierdie artikel geïllustreer aan die hand van die brief aan die Kolossense, waarin die onderliggende metafisiese matriks aangedui word as een van kosmiese vervreemding.

2. Wêreldbeskouing en kosmologiese narratief

2.1 Definisies

Wêreldbeskouing kan soos volg omskryf word (Wilson, 1997:100; vgl. Wolters, 1985:1-2; Hoffecker, 1986:ix-x):

[A worldview] is a person's comprehensive and pre-reflective understanding of reality, an integrating framework of fundamental considerations which gives context, direction and meaning to life in light of one's ultimate commitments. This is a particular way of looking at the world, of integrating different provinces of knowledge and experience into a symbolic totality, a symbolic universe. [...] In adopting the elements of a worldview cognitively and normatively, individuals are able to "locate" themselves; all of history and the entire biography of the individual are seen as events occurring in this world.

'n *Wêreldbeskouing* word *kosmologie* wanneer dit van die pre-teoretiese vlak verhef word na dié van die kritiese bewussyn – wanneer daar bewustelik nagedink word daaroor en die metafisiese kategorieë daarvan gebruik word om oor die sin en waarde van lewe te besin (vgl. Oden, 1992:1162). *Kosmologie* kan verder ook verstaan word as 'n wêreldbeskouing wat in die vorm van 'n *narratief* geartikuleer is. In hierdie geval word *kosmologie* dan gelykgestel aan *kosmologiese narratief*. Elke wêreldbeskouing bevat per definisie bepaalde narratiewe elemente (Wilson, 1997:190).

Kosmiese vervreemding vind plaas wanneer mense 'n *wêreldbeskoulike dissonansie* ervaar – dit wil sê, wanneer die geïnternaliseerde model van die wêreld waarin hulle woon, en wat sowel hulle identiteit as hulle bestaanswyse voorskryf, nie meer pas by hulle geleefde ervaring nie. Dit kan die gevolg wees van vinnige sosiale verandering, politieke omwenteling, religieuse bekering of 'n traumatiese ervaring van een of ander aard. Enige van hierdie dinge het die potensiaal om die fundamente van 'n wêreldbeskouing radikaal te herrangskik. Die resultaat is vrees, verwildering, 'n diepliggende *Angst* wat weerklank vind in die moraliteit, gemeenskap, religie en byna alle ander aspekte van menslike lewe (vgl. Schweitzer, 1963; Wilson, 1997:3).

In die geval van Kolossense kan 'n narratiewe substruktuur aangedui word wat onderliggend is aan die epistolêre oppervlakstruktuur van die brief, maar wat nie noodwendig in alle detail saamval met die epistolêre struktuur van die brief nie (vgl. Petersen, 1978:43-55). Die narratiewe substruktuur het die funksie om noodsaaklike oortuigingskrag te verleen aan die parenetiese onderrig van die brief. Dit kan daarom 'n *normatiewe* narratief genoem word. In Kolossense is die vraag eenvoudig: wat is die ware verhaal van Christus (as normatiewe verhaal teenoor en in die plek van ander moontlike narratiewe), en watter verskil maak hierdie verhaal aan hoe ons lewe?² Wanneer die normatiewe narratief uit die teks van die brief gedistilleer word, word die bepalende motiewe agter die etiese bevels blootgelê, waarsonder die bevels dikwels sinloos en swak voorkom.

'n Tipiese kosmologiese narratief volg gewoonlik 'n duidelike skema van drie momente (Wilson, 1997:205-208):

- 'n *Aanvanklike of openingsekwens*, wat die protagonis van die narratief aandui asook die basiese probleem wat oorkom moet word. Geen sluiting word in hierdie sekwens gebied nie; dit inisieer slegs die aksie van die topiese sekwens. Dikwels roep hierdie eerste sekwens die verlede voor oë, en verduidelik die

2 Oor die algemeen word daar in navoring oor Kolossense nie rekening gehou met die sentraliteit van die Christus-narratief in die brief nie. Dikwels word dit gewoon ontken (vgl. Evans, 1982:203; Francis, 1975:204). Die meerderheid studies oor Kolossense fokus op die "probleem" van die "dwaalleer" in die brief, wat 'n filosofiese diskussie tot gevolg het, eerder as 'n Christologiese bespreking van die brief. Net so ook in etiese diskussie: die imperatiewe van die laaste twee hoofstukke van die brief word naïef aangehaal, sonder enige verwysing na die brief as unieke openbaring van Jesus Christus as die Koning van alle dinge.

oorspronge van die werklikheid (*kosmogonie*), saam met die oorsake van die verskillende probleme wat in die hede ervaar word.

- Die *topiese sekwense*, wat 'n reeks sekwense is waarin vertel word watter aksie(s) die protagonis onderneem ten einde die groot probleem van die narratief op te los. Hierdie topiese sekwense vertel dikwels die geleefde werklikheid op 'n omvattende wyse in die teenwoordige tyd.
- 'n *Finale* of *slotsekwens*, waarin die oplossing van die probleem (soos aangedui in die openingsekwens) vertel word. So word sluiting bereik. Dikwels neem dit die vorm aan van 'n geprojekteerde, teleologiese toekomsvisie (eskatologie).

2.2 Kosmologie en mag

Alle kosmologiese strukture fokus primêr op die absolute bron(ne) van mag in die heelal (Doran, 1995:6; vgl. Arnold, 1989:34-35). Ter wille van verlossing en voorspoed moet mense weet wie of wat in beheer is van hulle lot: watter mag of god is kwaad en moet daarom goedgunstig gestem word, of watter mag of god is goedgunstig en moet in hierdie stemming gehandhaaf word? In 'n heelal waarin metafisiese magte of gode dikwels gesien word as in 'n staat van oorlog, is dit 'n kritiese vraag wie die oorlog gaan wen. 'n Verandering in die magsbalans van die heelal het immers in hierdie beskouing 'n radikale effek op die lewens van mense. Huwelik, swangerskap, landbou, gesondheid, lewe en dood, oorlog, vrede en voorspoed word almal direk bepaal deur die kosmiese magsbalans. Die vraag is daarom: waar lê die bron van absolute mag, en hoe kan dit beïnvloed of gemanipuleer word tot voordeel van mense (hetsy individueel of as 'n gemeenskap)?

Dit is interessant om op te merk dat laasgenoemde vraag 'n vreemde teenstelling bevat wat dikwels in religieuse mites voorkom. Hoewel erken word dat metafisiese magte in beheer staan van mense se lewens, word ook aanvaar dat dieselfde mense in staat is om hierdie metafisiese magte te manipuleer of te beheer deur middel van magie, towery en rituele. Die vraag is natuurlik wie nou eintlik in besit is van absolute mag! Die teenstelling is egter nie onverwags nie. Dit weerspieël 'n fundamentele humanisme en 'n gesplete kosmologie waarin, ten spyte van alle pogings om die teendeel te bewys, die mens homself in die hoogste posisie plaas. Hy is terselfdertyd sowel slagoffer as meester van kosmiese magte, en sy eie eindbestemming en welsyn is die hoogste doel van alle geskiedenis. Miskien is dit die mees vrugbare teelaarde vir vyandigheid:

elke ander mens wat soos ek is, verteenwoordig 'n bedreiging vir my eie welsyn en lot en vir my eie beheer oor absolute mag, en daarom moet ek alles in my vermoë doen om ander te onderwerp en te onderdruk of te vernietig.

Collins (1977:141) dui aan dat die era van Romeinse Hellenisme gekenmerk is deur heroorweging van daardie kosmologiese oortuigings wat grondliggend is aan 'n stabiele samelewing, as gevolg van 'n algemene ervaring van kosmiese vervreemding en historiese inkongruensie (of wêreldbeskoulike dissonansie). Dit het 'n diepgevoelde eksistensiële onsekerheid tot gevolg gehad, wat op sy beurt gelei het tot fundamentele etiese veranderings en 'n heroriëntasie tot nuwe bronne van kosmiese mag. Hierdie soort onsekerheid het dikwels ook vyandigheid in een of ander konkrete vorm tot gevolg, omdat iemand of iets

- die individu se eie uitoefening van mag beperk; of
- nie bereid is om homself te onderwerp aan die ander se mag nie; of
- die ander magteloos maak deur middel van absolute oorheersing.

2.3 Kosmologieë in konflik

In 'n pluralistiese samelewing gebeur dit dikwels dat die kosmologieë van verskillende religieuse groeperings in kontak en konflik kom met mekaar (Johnson, 1999:14). Sodanige konflik kan slegs op een van drie maniere opgelos word:

- een of albei groepe moet homself afsluit in radikale, konserwatiewe selfbewaring, met 'n houding van openlike vyandigheid teenoor almal buite die eie groep;
- een van die groepe kommunikeer sy eie oortuigings met sterk missionêre motivering aan ander, wat dikwels die vyandigheid van die ander oproep;
- een groep bekeer hom radikaal tot die oortuigings van 'n ander, en los op hierdie manier alle vorige redes vir konflik op.

Iets van hierdie proses van kosmologieë in konflik is ook sigbaar in Kolossense, waar 'n Christosentriese kosmologie gekontrasteer word met een of meer alternatiewe kosmologieë.

2.4 Die funksie van kosmologie

Volgens die wetenskaplike konsensus teen die einde van die twintigste eeu (vgl. Oden, 1992:1170-1171, met verwysing na Eliade, 1965), ontstaan kosmologiese spekulاسie veral in tye van groot dislokاسie, wanneer menslike bestaan vasgevang word in 'n web van inkongruente ervarings. Sodanige ervarings skep die vermoede dat menslike bestaan in die kosmos geen orde of sin ken nie en ook geen morele koherensie het nie – in kort, kosmiese vervreemding. Dit is veral die gevolg van 'n gevoel dat mense uitgelewer is aan 'n mag of magte wat hulle nie ken nie en ook nie kan beheer nie.

Traumatiese, inkongruente ervarings dwing mense om hulle pre-teoretiese wêreldbeskouing te verhef tot die vlak van die kritiese bewussyn, met kosmologiese nadenke tot gevolg. Kosmologiese verklarings (dikwels in die vorm van mites) is nie bedoel om inkongruente ervarings weg te redeneer of te rasionaliseer nie, maar wel om sin daaraan toe te ken en dit draagliker te maak. Elke kosmologie het hierdie funksie, naamlik om geleefde ervaring te laat inpas binne die groter kosmiese werklikheid. Parenetiese literatuur is 'n gewilde metode om mense te help om hulle wêreldbeskouing so te oordink en, waar nodig, te wysig, dat hulle op koers kan bly en met integriteit kan leef (vgl. Wilson, 1997:183). Om hierdie rede het byna elke kosmologiese narratief 'n eties voorskriftelike deel of parenese, wat terselfdertyd ook gemeenskapsvormend is: die narratiewe bied simboliese wêreldes as sisteme van gedeelde sinduiding aan mense, wat dit vir hulle moontlik maak om saam te leef volgens 'n gedeelde stel reëls (Johnson, 1999:12; vgl. Bowker, 1990:7; Wilson, 1997:192; Peterson, 2001:8-13). Betekenisvolle veranderde gedrag kan daarom slegs die gevolg wees van aanvaarding van 'n ander kosmologie – van 'n kosmologiese verhuising, dus – omdat elke kosmologie 'n eie en toepaslike lewenspraktyk het (Bowker, 1990:18-19).

3. Alternatiewe kosmologieë in Kolossense

3.1 Botsende kosmologieë

In onlangse jare is navorsing oor Kolossense hoofsaaklik gereduseer tot die probleem van die identiteit van die sogenaamde “filosofie” waarna in Kolossense 2:8 verwys word (vgl. Attridge, 1994:482; Standhartinger, 1992:2; Wilson, 1997:34-35). Ten spyte van tallose pogings om die identiteit van die opponente in Kolossense vas te stel, is daar steeds geen sekerheid oor die saak nie, slegs (gesofistikeerde) spekulاسie. Hier word egter geredeneer dat, ten einde die

brief te verstaan, dit nie nodig is om die identiteit van die opponente finaal vas te stel nie. Nie net is daar ander belangrike temas in die brief wat hanteer moet word nie, maar die debat oor die identiteit van die opponente trek ook die fokus weg van die sentrale openbaring van Jesus Christus.

Van Riessen (1970:56) het gewys op die lewenskragtigheid van religieuse (of liever pseudo-religieuse, filosofiese) diskussie in die tyd van die Romeinse Hellenisme. Populêre volksreligie was besonder hardnekkig, en het die vorm aangeneem van 'n kosmologiese narratief wat aan mense identiteit, sin en 'n lewensdoel kon bied in 'n tyd van radikale kosmiese verveemding (Schweitzer, 1963:15-27). In die beskouing van die wysgere van die tyd is die populêre volksreligie gekenmerk deur irrasionele bygeloof. Die meeste van die filosofiese skole van die tyd – insluitende die Stoïsyne en die Epikureërs – het hard probeer om die volksbygelowe te vervang met hulle eie rasonele alternatiewe. Die Joodse gemeenskappe en intellektuele van die tyd het ook aktief deelgeneem aan die debat, en dikwels die Joodse geloof en geskrifte aangebied as die beste wysbegeerte wat op die mark beskikbaar is (vgl. Kol. 2:8) – in elk geval baie beter as enigiets wat die Grieke of Romeine kon bied. Een so 'n “skool” was dié van die Joods-apokaliptiese mistici (vgl. Sappington, 1991 en Roberts, 1998 vir 'n volledige bespreking van hierdie skool en oortuigende argumente wat die skool aan Kolossense verbind).

Een moontlikheid van wat in Kolosse kon gebeur het, is dat twee groepe in Kolosse in konflik met mekaar gekom het: die Christene in die stad, en sekere Joods-apokaliptiese mistici wat hulle oortuigings aangebied het as rasonele en oortuigende wysbegeerte. Veral twee faktore was verantwoordelik vir die konflik tussen die twee groepe:

- die missionêre ywer van die Christene (vgl. Kol. 4:5-6); en
- die Christene se oornam van 'n betekenisvolle deel van die Joodse religieuse erfenis – veral die Skrifte en die messiaanse retoriek.

Dit lyk asof die brief aan die Kolossense baie direk antwoord op een of ander vorm van Joods-apokaliptiese mistiek (wat onmoontlik is om finaal te identifiseer), maar hierdie Joodse “wysbegeerte” was self ook deel van die wyer intellektuele debat van die tyd oor die

veronderstelde bygeloof van die pagane³ volksmassas. Die bygeloof self was 'n poging om sin te maak uit die ervaring van kosmiese vervreemding gedurende daardie tyd, veral in die eerste eeu na Christus. Die direkte openbaringsimpak van Kolossense moet op hierdie vlak gesoek word: die brief bied die kosmiese koningskap van Jesus Christus aan as God se antwoord op kosmiese vervreemding, teenoor die antwoorde wat voorgestel is deur Joodse mistici, Hellenistiese wysgere én populêre volksbygeloof (vgl. Kol. 1:13).

3.2 Die alternatiewe kosmologiese narratiewe van Kolossense in hooftrekke

Die populêre pagane, Joods-apokaliptiese en Christus-gesentreerde kosmologiese narratiewe sal hieronder in tabelvorm beskryf word, ten einde die lees en vergelyking daarvan te vergemaklik. Die volgende faktore is van belang in die konstruksie van hierdie narratiewe:

- Die bespreking word beperk tot die drie narratiewe wat relevant is vir die interpretasie van Kolossense.
- Die populêre, pagane kosmologiese narratief kan slegs by benadering beskryf word, omdat die religieuse verskeidenheid van die eerste eeu so groot was dat niks meer as die grootste gemene deler beskryf kan word nie.
- Daar is nie een teks of versameling van tekste beskikbaar op die basis waarvan so 'n populêre kosmologiese narratief eenduidig beskryf kan word nie. Selfs 'n sorgvuldige navorser soos Arnold (1989; 1995) moet staatmaak op fragmente van dokumente en inskripsies ten einde by benadering die populêre pagane denke op oorsigtelike wyse te kan beskryf. Hier word dus slegs van 'n oorsig van navorsingsresultate⁴ (wat oor die algemeen aanvaar

3 Die begrip *pagane* word nie hier in 'n neerbuigende of negatiewe sin gebruik nie, maar as 'n aanvaarde wetenskaplike begrip waarmee onderskei word tussen Joodse, Christelike en pagane religieuse oortuigings in die tyd van die Romeinse Hellenisme. Die begrip *heidense* bevat implisiet 'n waarde-oordeel, en dit is nie die bedoeling van hierdie artikel om so 'n waarde-oordeel uit te spreek nie.

4 Arnold (1989; 1995); De Villiers (1998a; 1998b); Dodds (1965:6-36); Ferguson (1987:132-253); Grant (1962:4-74); Johnson (1999:25-35); Koester (1995:137-196, 219-232, 338-364); Lohse (1976:222-251) en Schweitzer (1963).

word as die heersende interpretasie van ons tyd) gebruik gemaak om hierdie narratief te konstrueer.

- Die kosmologiese narratief wat hieronder beskryf word, verskil in verskeie opsigte van die beskikbare literêre en wysgerige bronne van die Romeinse Hellenisme van die eerste eeu. Die rede hiervoor is dat die kosmologiese narratief van die pagane volksgeloof die oortuigings van meestal ongeletterde en ongesofistikeerde mense weergee, wat nie neerslag gevind het in literêre dokumente van dié tyd nie, teenoor meer gesofistikeerde beskouings wat wel neerslag gevind het in die wysgerige en literêre kanon van daardie tyd.
- Die Joods-apokaliptiese mistieke kosmologiese narratief is grootliks gebaseer op die teks van 1 Henog,⁵ as tipiese voorbeeld van vroeë Joodse mistiek (Scholem, 1964:40-43).
- Die Christosentriese kosmologiese narratief is gekonstrueer op die basis van die teks van Kolossense.
- Die topiese sekwense van die Christusgesentreerde kosmologiese narratief van Kolossense kan in drie dele verdeel word:
 - die fundamentele deel oor die kruis en opstanding;
 - 'n universeel kosmiese deel; en
 - 'n menslik-ekklesiologiese deel.

Laasgenoemde is inderdaad kosmologies, hoewel dit nie met die eerste oogopslag so lyk nie. Christus se oorwinning oor die magte (Kol. 2:14-15) is nie net 'n eskatologiese moment nie, maar moet ook verstaan word as 'n nuwe kosmogoniese moment, wat 'n nuwe *aijwn* tot gevolg het en die kerk as liggaam van Christus as die nuwe kosmo~ (Schweitzer, 1971:1035; vgl. Vergeer, 1994:382).⁶

5 Vir die doel van hierdie artikel is die vertaling en hoofstukindeling van Charles (1913) gevolg.

6 Dit kan egter ook geargumenteer word dat hierdie herskepping van die wêreld in die gestalte van die kerk as sodanig reeds 'n eskatologiese element in die breër sin is, sodat die nuwe kosmogonie en die eskatologie nie te streng van mekaar geskei kan word nie.

Populêr-pagane kosmologiese narratief	Joods-apokaliptiese mistiese kosmologiese narratief	Christosentriese kosmologiese narratief (Kolossense)
Openingsekwens		
<ul style="list-style-type: none"> • Die protagonis van die narratief is die mens self. • Die oorsprong van die mens is die planetêr-astrale sfeer aan die ander kant van die maan. Die siel het sy oorsprong in die sfere wat die verste van die aarde geleë is, waar die goddelike in sy suiwerste vorm bestaan. • Die kosmos bestaan uit 'n mengsel van die geestelik-goddelike en materiële elemente, georden vanaf die suiwer god- 	<ul style="list-style-type: none"> • Henog, in sy rol as kosmiese figuur wat sy blote menslikheid oorstyg, is die primêre protagonis van die narratief.⁷ • Hoewel 1 Henog geen duidelike kosmogoniese narratief bevat nie, kan Genesis 1-2 in ooreenstemming met Joodse tradisie, beskou word as 'n geïmpliseerde kosmogonie. Die punte wat volg verteenwoordig egter aspekte van 'n sekondêre kosmogonie in 1 Henog. 	<ul style="list-style-type: none"> • Die kosmogoniese element in die narratief is radikaal Christosentriese, en eggo die taal van Spreuke 8:22-32 en Wysheid van Salomo 6-9. Dit maak duidelik dat, vanaf die skepping tot die eskatologiese voleinding, die bestaan en historiese daade van God en Christus voorrang het bo alle ander historiese daade. Daar is geen kosmogoniese dualisme nie. Alles buite God en Christus behoort tot die orde van geskape dinge en

7 In die narratief van 1 Henog is daar baie verskillende kandidate vir die rol van die protagonis: God, goeie engele (Michael, Uriël en Gabriël) asook Henog. Henog word egter in verskeie visioene uitgebeeld as die boodskapper van die kosmiese orde en van die heerskappy van God. Hy is ook die boodskapper van oordeel (vgl. Henog 13:1-11) en versmelt uiteindelik met die messiaanse Seun van die Mens (Henog 70:17) wat orde en vrede herstel in sy rol as eskatologiese regter oor die heelal.

8 Dit maak die afleiding moontlik dat gehoorsaamheid aan die wet nie bloot 'n saak van persoonlike heiligheid is nie, maar noodsaaklik is vir die instandhouding van die kosmiese orde. Hierdie gedagte word ondersteun deur 'n mistiese interpretasie van die Tora, waarvolgens die Tora méér is as 'n wetskode – eerder 'n lewende organisme en inkarnasie van goddelike wysheid en dus die “skelet” van die geskape orde (vgl. Scholem, 1964:14). Die individuele bepalinge van die Tora word, in hulle uitvoering, sakramentele daade van kosmiese belang, wat die kosmiese orde van die skepping handhaaf. Scholem (1964:30) verbind dit aan die magies-meganiese wêreldbeskouing van die Hellenisme waarin 'n rituele handeling, uitgevoer binne 'n magiese konteks, die hele kosmiese struktuur affekteer (vgl. ook Sappington, 1991:57).

<p>delike gees na suiwer materie. Laasgenoemde is in alle opsigte minderwaardig aan die geestelik-goddelike.</p> <ul style="list-style-type: none"> • Die probleem is dat die siel van die mens verwyder of verban is uit die planetêr-astrale sfeer, as gevolg van een of ander fout of oortreding, en vervolgens verenig is met die materiële liggaam in die aardse sfeer. • Die siel is daarom vasgevang in die liggaam met sy onsuiver passies en die noodsaak om te oorleef, en kan daarom nie terugkeer na die suiwer geestelike sfeer nie. Dit sou suiwer geestelike aktiwiteit vereis, wat onmoontlik gemaak word deur die passies en behoeftes van die liggaam. • Terugkeer na die planetêr-astrale sfeer word verder onmoontlik gemaak deur demone en die planetêre magte of gode wat die toegang tot die goddelike sfeer bewaak. • Op aarde en in sy liggaamlike bestaan is die mens die magtelose objek van allerlei demoniese en kosmiese magte wat daarop uit is om hom te vernietig. Sy daag- 	<ul style="list-style-type: none"> • Uit die narratief oor die val van die engele (1 Henog 7-8; 68:1-6) kan afgelei word dat God die engele aanvanklik as 'n aparte klas wesens gemaak het: hemels en geestelik, bedoel om God, mens en skepping te dien en in staat om met mense te kommunikeer. • Aanvanklik is daar 'n streng wetsgebonde orde en stabiliteit in die prosesse van die natuur en die hemelliggame (Henog 3:1-3; 17-18; 32-25). Hierdie orde word vernietig deur die val (wetsoortreding) van die mens en die engele (Henog 79:3-9),⁸ wat uitloop op hulle verbanning uit die teenwoordigheid van God. • Kosmiese orde berus op die trou van God (Henog 68:19-26), en is in die hande van engele gegee vir instandhouding (vgl. Uriël as die engel in beheer van die bewegings van die son, maan en seisoene, met die lot van mense ten nouste hiermee verbind – Henog 63-74. Gehoorsaamheid aan kalenderbepalings word een van die belangrikste bewyse van geregtigheid voor God, omdat kosmiese orde self op die spel is – Henog 	<p>is onderwerp aan Christus.</p> <ul style="list-style-type: none"> • Die kosmogoniese subnarratief word gevind in die himne in Kolossense 1:15-20: • Jesus Christus is die beeld (eijkwn) van die onsienbare God (Kol. 1:15). Dit beteken dat Hy nie net God <i>openbaar</i> nie, maar Hom ook <i>verteenvoerdig</i> in die volle wydte van sy skepping en onderhouding van alle dinge, asook in sy herskeppingswerk (Ridderbos, 1960: 135). • Jesus word die eersgeborene oor die hele skepping (prwtoto-ko~ pash~ ktisew-) genoem. Dit beteken nie net dat Hy voor alle dinge bestaan het nie (Kol. 1:17), maar ook dat Hy gesag oor alles het: alles is in, deur en tot Hom gemaak (Kol. 1:16). God onderwerp alle dinge aan Christus en bepaal dat alles vervulling in Christus alleen sal vind. Christus is die integrasiepunt van alle diversiteit in die skepping wat verseker dat <i>kosmos</i> nie versink in <i>chaos</i> nie (vgl. Kol. 1:17 – kai; ta; panta ejn autw sunesthken). • Die “alle dinge” (ta; panta) wat herhaaldelik vanaf Kolossense 1:15 genoem
--	---	---

<p>likse ervarings, positiesief en negatiesief, is te wyte aan die noodlot (eimarmenth), soos uitgedruk in die blinde determinisme van planetêre en astrale magte.</p> <ul style="list-style-type: none"> • Die mens se bestaan word ook gekenmerk deur konstante verandering en sterflikheid. • Al bogenoemde het 'n vreesagtige en onseker bestaan tot gevolg. Die mens ervaar homself as vreemdeling in sy aardsliggaamlike bestaan. Sy liggaam en die astrale magte weerhou hom daarvan om die volheid van die astrale sferete geniet. • Die mens word identiteitloos (nasionaal en religiesief) en ervaar homself as drywende in 'n kosmopolitiese wêreld sonder grense. • Die dood word deur sommige mense ervaar as die groot niks – die finale uitwissing van bestaan en die bewys van die sinloosheid van die menslike lewe. Vir ander mense is dit die deurgang na 'n ander lewe waar die gode hom beloën vir sy dade, hetsy positiesief of negatiesief. 	<p>72-82.</p> <ul style="list-style-type: none"> • Die Seun van die Mens is aanvanklik 'n verborge figuur in sy voorbestaan (Henog 61:10), maar het blykbaar 'n rol gespeel in die handhawing van geregtigheid en wysheid, en dus van kosmiese harmonie en vrede (Henog 48:1-5). • Die geïmpliseerde kosmogonie van Genesis 1-2 moet waarskynlik aangevul word met materiaal uit die Wysheid van Salomo (vgl. Wysheid 6-9). Dit is wysheid, as suiwer en heilige uitvloeiing van die mag en heerlikheid van God, wat struktuur gee aan die heelal. Wysheid, as beeld van God, is die immanente teenwoordigheid in die skepping van 'n transendente God. • Die probleem waarmee Henog as protagonis gekonfronteer word, is die lyding van die regverdiges in moeilike tye (vgl. Henog 1:1) – mense wat teenoor God kla omdat Hy skynbaar niks doen om hulle lot te verlig nie (Henog 9:3-14). • Hierdie probleem is veroorsaak deur die val van sommige van die groot engele wat mense met hulle 	<p>word, sluit ook die bouse magte in in die reeks qronoi, kuriothte~, ajrcal, ejkousiai (Kol. 1:16) saam met hulle invloedsfere.</p> <ul style="list-style-type: none"> • Die probleem in hierdie narratiesief moet gekonstrueer word uit geïmpliseerde verwysings, en kan soos volg aangedui word: <ul style="list-style-type: none"> – Een of ander rebellie het plaasgevind wat die magte van Kolossense 1:16 teen God en Christus gedraai het, weg van hulle aanvanklike posisie “tot Christus”, sodat hulle nou onderwerp en versoen moet word (Kol. 1:20; 2:15). – Die vervreemding van die magte het ook die vervreemding van mense veroorsaak, sodat hulle ook vyande van God geword het (vgl. apallotrioma in Kol. 2:21). – Dit het etiese gevolge gehad, en loop uit op bouse werke (Kol. 2:21) wat onheiligh, onvolmaak en vol vuilheid is (Kol. 1:22; vgl. ook 3:5-9). – Mense leef nou in die mag van die duisternis (Kol. 1:13), oorheers deur die dood (Kol. 1:18; 2:13), staan onder die oordeel van God (Kol. 3:6) met 'n verdoevende skuldbrief
--	---	--

	<p>saamgeneem het in hulle val.</p>	<p>teen hulle (Kol. 2:14).</p> <ul style="list-style-type: none"> - In 'n nuttelose poging om self hulle omstandighede te verander, leef hulle in onderwerping aan mensgemaakte wette en tradisies (Kol. 2:8, 20, 22-23). • Die protagonis van hierdie narratief is Jesus Christus.
<p>Topiese sekwense</p>		
<ul style="list-style-type: none"> • Die eerste oplossing vir die mens se probleem is dat hy mag moet vind om die kosmiese magte te weerstaan of te manipuleer. Daar is drie moontlikhede om dit te doen: - Astrologie, towery en mantiese profesie maak dit vir die mens moontlik om vooraf te weet wat sy lot sal wees, sodat hy sy lewe op so 'n manier kan leef dat hy minimale ontwrigting en teleurstelling ervaar. - Hy kan hom ook tot magie wend, gerig op die verkryging en gebruik van okkulte mag vir die manipulasie van die kosmiese magte, ten einde 'n meer draaglike bestaan te be- 	<ul style="list-style-type: none"> • Die topiese sekwens begin met die aankondiging van God se komende oordeel oor sondaars en die gevalle engele, met die belofte dat Henog en sy nakomelinge gespaar sal word. Op hierdie manier wou God nuwe lewe in die skepping bring (Henog 1-:4-5,10-18). • Hoewel daar geen eksplisiete vermelding is van asketiese voorbereiding op Henog se visioene nie, word sy ewige geregtigheid beklemtoon (Henog 70:17), terwyl sy siel ook bevry word van sy liggaam (Henog 70:13). Sy eie asketiese heiligheid en geregtigheid (in terme van die Mosaïese wet en die verbond) moet 	<p>Die kruis en opstanding</p> <ul style="list-style-type: none"> • God wil die vervreemde kosmiese magte saam met die res van die skepping met Homself versoen deur Christus (Kol. 1:19-20) en Hy stuur sy Seun om dit te bewerk. • Jesus stort sy bloed aan die kruis, sterf en word opgewek (Kol. 1:20; 2:14; 1:18). • Sy bloed bewerk vergewing van sonde (Kol. 1:14,22) en kanselleer die skuldbrief met sy regulasies wat in wese vyandig is teenoor die mense (Kol. 2:14). • Dit is die openbaring van Jesus Christus wat die mens se hoop op heerlijkheid (Kol. 1:27) is.

<p>werk.</p> <ul style="list-style-type: none"> - Die mens kan ook deelneem aan die kultus van 'n god of godin wat groter mag het as die planetêre of astrale magte (vgl. Artemis van Efese). Sinkretisme het eendelose moontlikhede in hierdie verband gebied. • Streng asketisme, gerig op die ontkenning van die liggaam en alle fisiese dinge, was nóg 'n manier om die goedgunstigheide van die kosmiese magte te wen. • Ten einde die ervaring van alleenheid, verlies van identiteit en vervreemding meer draaglik te maak, was daar ook die opsie om aan te sluit by verskillende kultiese verenigings, die misteries of die filosofiese skole. • Binne die konteks van die populêre kosmologie, was daar geen antwoord op die probleem van konstante veranderlikheid en sterflikheid nie. 	<p>daarom as geïmpliseer beskou word.⁹</p> <ul style="list-style-type: none"> • Henog word eers gestuur om God se oordeel oor die engele aan te kondig (Henog 12:5-7), sonder enige kans op verlossing (Henog 13:1-14:5). • Hierna ervaar Henog 'n hemelse reis (Henog 14:8 e.v.), waartydens hy twee huise sien. Die tweede huis is God se woonplek, waar Hy in ongenaakbare heerlikheid op sy troon sit. Nóg engele, nóg mense kan na Hom kyk of na Hom toe gaan. Henog word 'n getuie van die hemelse liturgie (Henog 39:12) en neem deel aan die verheerliking van God (Henog 70:9-15). • Ten spyte van die ongenaakbaarheid van God, kan Henog later tog nader na Hom toe kom (Henog 14:24-25), nadat hy die toets van heiligheid geslaag het (Henog 14:23). Hy ontvang openbarings aangaande die lot van die gevalle 	<p>Die universeel-kosmiese deel</p> <ul style="list-style-type: none"> • As gevolg van bogenoemde, is die magte en kragte, saam met die res van die kosmiese ta; panta, oorwin, ontwapen en aan Christus onderwerp (Kol. 2:15). <p>Die menslik-ekklesiologiese deel</p> <ul style="list-style-type: none"> • As heerser oor alle dinge, is Jesus Christus die Hoof van die kerk – sy liggaam (Kol. 1:18 – <i>hJkefal h; tou swmato- th- ekklihsia</i>~). • God verkies, roep en heilig mense tot hierdie gemeenskap van Hoof en liggaam – mense wat voorheen van Hom vervreem was (Kol. 3:12, 15; 1:2). Hy doen dit deur die kruis en opstanding van Jesus, waardeur die skuldbrief gekanselleer is. • Mense word deel van die nuwe gemeenskap van heilige mense van God <i>wanneer</i> hulle van die ryk van duisternis oorgebring word na die ryk van
--	--	---

9 Indien aanvaar word dat Henog, in sy rol as messiaanse figuur, bedoel is as 'n voorbeeld vir en onderwyser van die regverdiges, het sy eie geregtigheid sowel as die stroping van sy liggaam duidelike etiese implikasies vir hierdie mense.

10 Verlossing word dus 'n saak van mistieke insig in die wysheid van God, waarvan persoonlike heiligheid (soos gedefinieer deur die Tora) sowel die voorwaarde as die verwagte resultaat is. Een of ander vorm van asketiese praktyk is daarom noodsaaklik.

	<p>engele en die bese geeste, oor die kosmiese orde en die komende eskatologiese oordeel en verlossing (Henog 17:1-18: 12; 33-35; 41; 59)</p> <ul style="list-style-type: none"> • Henog beskryf sy visioene as geheime wat net aan hom geopenbaar is, naamlik van wysheid as die weg tot die ewige lewe (Henog 19:3; 37:1-2). Hy word die uitverkorene en die verborgene (albei messiaanse titels), en hy alleen kan God se wysheid aan mense openbaar sodat die regverdige kan lewe. Henog, as messiaanse wysheidsleraar word op hierdie manier die agent van die ewige lewe en die verlossing¹⁰. 	<p>die Seun (Kol. 1:13-14), en deur die evangelie van die kruisgebeure te hoor en te glo. Die doop is die sigbare gebeure wat hierdie oorgang vergesel (Kol. 2:11-13).</p> <ul style="list-style-type: none"> • Die nuwe bestaanswyse in die kerk, as liggaam van Christus, is een van wederzijdse ondersteuning, eenheid en groei (Kol. 2:19), 'n gemeenskap van liefde (Kol. 2:2; 3:12-15), sonder sondige verdeeldheid (Kol. 3:11). • In hierdie gemeenskap word mense getroos (Kol. 2:2), omdat hulle deel in die volheid van God (Kol. 2:9-10). Dit beteken dat hulle vry is van die gevreesde invloed van die magte en owerhede wat deur Christus ontwapen is (Kol. 2:15). • In die gemeenskap van die kerk volhard mense in die krag van Christus (Kol. 1:11).
Slotsekwens		
<ul style="list-style-type: none"> • Die finale sekwens van hierdie narratief is in 'n sekere sin aktief en oop, omdat dit geen oplossing bied vir die probleem wat in die openingsekwens aangedui is nie. In terme van die probleem-narratief is daar geen manier om 	<ul style="list-style-type: none"> • Die einde begin met die kragtige verskyning van God (Henog 55:1; 58), die openbaring van die Seun van die Mens en die opstanding van die dooies (Henog 1:2; 61:10; 50:1; 60:11). • Die uitvoering van die eskatologiese vervul- 	<ul style="list-style-type: none"> • Christus word in heerlijkheid geopenbaar wanneer Hy weer kom (Kol. 3:4). • Die getroues, wat vas bly staan het in hoop en aan die Hoof vasgehou het (Kol. 1:28; 2:19) word saam met Hom geopenbaar in heerlijkheid, sodat wat

<p>terug te keer na die astrale voorbestaan van die siel nie. Daar was altyd die hoop op 'n goddelike bekragting, en daarom verlossing, maar dit was slegs beskikbaar vir 'n uitgesoekte handjievol mense en nie vir die massas nie. Selfs die filosowe kon nie 'n uitweg bied uit die greep van die noodlot nie; hulle kon slegs aanwysing gee om die lewe hier en nou meer draaglik te maak.</p> <ul style="list-style-type: none"> • Uiteindelik verander die dood kosmiese vervreemding in permanente ballingskap. 	<p>ling is in die hande van die messiaanse uitverkorene, wat die voorkoms van hemel en aarde sal verander en aan mense vrede en seëninge sal gee (Henog 45:3-5), veral deur sondaars te oordeel (Henog 48:3). Die regverdiges sal ook deelneem aan hierdie oordeel oor sondaars (Henog 38:5).</p> <ul style="list-style-type: none"> • Die messiaanse figuur (Henog self – Henog 70:17) was tot nou toe verborge, maar sal uiteindelik geopenbaar word. Dan sal hy ook alle verborge skatte van geregtigheid, wysheid en ewige lewe openbaar (Henog 46:2; 61:10; 68:38). • Die gevolg van die oordeel is herstelde vrede en geregtigheid (Henog 10:21-22), kosmiese harmonie (Henog 10:23-24), en alle nasies wat God aanbid (Henog 10:26). • Die gevalle engele, bose geeste en almal wat hulle gevolg, het word in die dieptes van die aarde bewaar vir hulle ewige straf (Henog 25-26). Diegene wat deur hulle bose daede mag bekom het, word daarvan deur die messiaanse uitverkorene gestroop, en deur die mense wat deur hulle 	<p>eers verborge was, nou aan die lig kom.</p> <ul style="list-style-type: none"> • Christus stel hierdie mense voor God as heilig en blaamloos (Kol. 1:22, 28). • God laat hulle ingaan in hulle erfenis, naamlik die hoop op heerlijkheid wat vir hulle in die hemel bewaar is (Kol. 1:12; 3:24; 1:5; 1:27). • Die onregverdiges, wat nie aan die Hoof vasgehou het nie (Kol. 2:19), word onder die oordeel en woede van God gestel (Kol. 3:6) en ontvang hulle eie ongeregtigheid as erfdeel (Kol. 3:25). • Vrede word in die hele skepping herstel: alle vervreemding is tot versoening gebring, behalwe daardie vervreemding wat permanent geword het onder die oordeel van God in Christus.
---	---	---

	<p>verdruk is, geoordeel (Henog 46:3-4; 36:4-5; 52-53).</p> <ul style="list-style-type: none">• Nou eers is daar 'n volmaakte verskyning van die gemeenskap van die heiliges (Henog 38: 2-3; 52:6-7) onder die vleuels van God. Mag behoort nou aan hierdie gemeenskap as hulle ewige erfenis (Henog 39:8).	
--	---	--

3.3 Die nuwe kosmos geopenbaar in Christus

Die vraag is nou watter groter waarde die Christosentriese narratief het teenoor die ander twee. Watter verskil maak dit aan die magsbewussyn van die mens en daarom aan sy manier van lewe en sy omgang met ander mense? Die antwoord op hierdie vrae word hieronder puntsgewys aangedui.

- Dit is belangrik om die rol van Christus as die enigste primêre protagonis vanaf kosmogonie tot eskatologiese vervulling te beklemtoon. Geen ander historiese agent of agente kan ooit hierdie plek inneem in die lewens van hulle wat in gemeenskap met Christus leef nie. As gevolg van die motief van die onderwerping van die magte aan Christus, word die dryfkrag van vrees, en daarom ook die noodsaak van selfbeskerming (wat die wortel van vyandigheid is), verwyder.
- As kosmiese protagonis is Christus onveranderlik, goed en magtig, en Hy bied egte hoop aan mense wat in die greep van onsekerheid, veranderlikheid, sterflikheid en die noodlot lewe. Christus is ook *persoonlik*, teenoor die onpersoonlike magte en die abstrakte noodlot. Hy is *histories menslik*: sy inkarnasie is 'n daad van goddelike solidariteit met die mens in sy kosmiese vervreemding. In sy vleeswording oorbrug Hy die gaping tussen God en mens, en beëindig die mens se isolasie en eensaamheid.
- In 'n heelal waar Christus die kosmiese protagonis is, is die wêreld nooit die teater waarin die bose of die magte in opstand teen God alleen aktief is nie. God is altyd aktief en teenwoordig in die Seun – die Seun wat die beliggaming van sy liefde en wil is om alle dinge met Homself te versoen. Hy staan nooit terug in die

aangesig van die bouse of van die magte nie, maar bly konstant en teenwoordig in die lewens van hulle wat Hy sy kinders noem.

- Dit is belangrik om te sien dat die soteriologiese verantwoordelikheid om dinge reg te maak in die Christosentriese kosmologiese narratief nooit in die hande van die mens self is nie. Daarom is die mens ook bevry van die verskriklike verantwoordelikheid om mag te bekom, te gebruik en te manipuleer (hetsy persoonlik of kosmies) ten einde sy eie welsyn te verseker.
- In die Christosentriese kosmologiese narratief van Kolossense word die belang van die kosmiese magte onderspeel, terwyl die persoonlike sonde en verantwoordelikheid van die mens beklemtoon word. Die gevalle mens kom voor God te staan, nie voor die magte of astrale gode nie. Die magte self moet met God versoen word, en in die midde van die kosmoswye daad van goddelike versoening staan die mens. In die gemeenskap met Christus is daar 'n duidelike verskuiwing weg van die vraag na die kosmiese magsbalans, en daarom ook 'n ontspanning van magsbewussyn en verwerping van enige behoefte om mag te bekom of te manipuleer. Uiteindelik is slegs die mag van Christus belangrik, maar dit is nie (soos in die Joodse apokaliptiek) 'n mag wat beskikbaar is om aan die onderdrukte reg te laat geskied nie. Dit is betekenisvol dat in die Joods-apokaliptiese mistiese kosmologiese narratief, die fokus steeds op die mens se verkryging van mag is, waarskynlik as gevolg van 'n akute ervaring van magteloosheid en marginalisering. In 'n sekere sin is die inherente vyandigheid tussen die magtiges en die magteloses bloot oorgedra na die messiaanse figuur wat die agent van oordeel word vir die magteloses en verdruktes – dus 'n soort bevrydings-teologie. Hierdie kosmologiese narratief bied daarom geen werklike alternatief nie: dit funksioneer steeds as 'n sisteem van wraak en vyandskap – slegs die agent van die wraak het verander van die mens self na die messiaanse figuur. Dit kan daarom ook geen blywende vrede en versoening bied nie, maar slegs 'n uitgestelde (eskatologiese) botsing tussen verdrukkers en verdruktes. Die Christosentriese narratief, daarenteen, is baie anders. Dit bevat nie meer die element van wraak nie (ten minste in Kolossense self), maar roep mense op tot versoening met hulle vyande (vgl. Kol. 3:5-17). Wat hier belangrik is, is nie mag wat aan die getroues toegeken word in 'n soort goddelike wraak op verdrukkers nie, maar eerder 'n magtige Christus wat die mense, wat in gemeenskap met Hom leef, versterk, heilig en vervolmaak.

- In teenstelling met die Joods-apokaliptiese mistiese narratief, is dit in die Christosentriese narratief nie die eskatologiese toekoms nie, maar veral die geleefde hede wat die verhoog is waarop die proses van kosmiese versoening afspeel. 'n Mens sou kon sê dat die hede as sodanig reeds eskatologies is as gevolg van die gebeure van die kruis en die opstanding van Jesus. Elke persoonlike bekering wat vandag plaasvind is 'n herhaling en voortgaande aktualisering van die kosmiese versoening wat reeds in die verlede deur Christus bewerk is. Die doop word so ook van kosmiese belang, omdat dit die kosmiese migrasie van die ryk van die duisternis na die koninkryk van die geliefde Seun aandui.
- Die sfeer waarin die realiteit van die nuwe kosmos ervaar word, is die kerk as die liggaam van Christus. Die kerk is die voorlopige manifestasie van die nuwe skepping, waarin nóg die magte nóg die wet 'n rol speel. Geen buitengewone magspeletjies, geen manipulasie van kosmiese magte, geen mistieke toegang tot die geheime van kosmiese mag, geen suiwer toekomsgerigte verwagting van 'n beter wêreld en geen ywerige asketisme het 'n plek in hierdie nuwe kosmos nie.
- In die nuwe kosmos word verhoudings ook nie meer gekenmerk deur verdeeldheid, vrees, vervreemding, geweld, vyandskap, hopeloosheid of wedersydse manipulasie nie. Verhoudings word gekenmerk deur die wil van God (gemotiveer deur liefde en versoening), deur 'n soeke na die eer van Christus en 'n positiewe missionêre instelling teenoor mense wat nog nie deel het aan Christus as die hoop op heerlijkheid nie.

4. Van vyandigheid na versoening: 'n nuwe kosmos en 'n nuwe etiek

Hoewel die hele teks van Kolossense ryk is aan materiaal wat gebruik kan word vir die doel van etiek, sal hier slegs die klein gedeelte van Kolossense 3:5-17 bespreek word. Dit is nie net meer hanteerbaar binne die beperkte omvang van 'n artikel soos hierdie nie, maar die perikoop is ook besonder duidelik oor die etiese implikasies van die Christosentriese kosmologiese narratief.

Die derde hoofstuk van die Kolossensebrief begin met 'n opdrag om ons gedagtes te rig op die dinge daarbo (ta; aḥw froneite – Kol. 3:2) – 'n verwysing na die werklikheid van die verheerlikte en seëvierende Christus as Koning van alle dinge. Dit is die sleutel-motief van die kosmologiese narratief van Kolossense. Dit kom neer op 'n vermaning om ons lewe in te rig as 'n voortdurende *sursum*

corda tot die verheerlikte Christus. In praktyk kom dit op die volgende neer:

- die doodmaak van die aardse lede (Kol. 3:5 – Nēkrwsate ouh ta; mel h ta; epi; th~ gh~);
- die aflê van 'n hele reeks sondes (Kol. 3:8 – nuni; de; aposesqe kai; uhei~ ta; panta);
- die bekleding met die nuwe self (Kol. 3:10 – kai; ejndusamenoi ton neon ton ajakainoumenon); en
- die bekleding met nuwe deugde (Kol. 3:12 – JEndusasqe ouh ...).

In die geheel beskou, kom hierdie opdragte neer op 'n opdrag om die kosmoswye Christusgebeure (waarin 'n mens ingesluit word by jou doop) ook in jou eie lewe te voltrek – veral die versoenende, vrede-bewerkende en heiligende dood en opstanding van Christus (vgl. Kol. 1:18, 20-22; 2:11-13; 3:1-4). Dit is die praktiese manifestasie van die lewe as voortdurende *sursum corda* tot die verheerlikte Christus, wat heers oor alle dinge.

Die verwysings na *doodmaak*, *aflê*, *uittrek* en *aantrek* is almal begrippe wat verband hou met die doop (Lohse, 1971:147). Dit verbind die verlossing in Christus as kosmiese gebeure met die etiese opdragte in die brief. Wat hier gegee word is veel meer as 'n lysie van moets en moenies: dit is eerder 'n vermaning om in Christus te wandel (Kol. 2:6).

Die eerste katalogus van sondes in Kolossense 3:5 bevat dinge soos seksuele immoraliteit, onreinheid, begeerte en gulsigheid. Op die oog af verraai nie een hiervan die teenwoordigheid van vyandigheid nie. Tog, wanneer 'n mens fyner kyk, sien jy dat al hierdie sondes menslike gemeenskap vernietig. Seksuele immoraliteit verander mense in objekte van slegte begeertes. Nóg gulsigheid nóg onreinheid handhaaf ander mense in eer of dien hulle in selflose liefde, maar hulle funksioneer op die basis van selfsug wat die belange van ander grootliks uitsluit. Die tweede sondekatalogus (Kol. 3:8-9) noem die sogenaamde sondes van die tong, waar die onderliggende vyandigheid wel duidelik te sien is. Woede, haat, nyd, gevloek, vuil taal en leuens wek agterdog en vervreemding tussen mense, en vernietig verhoudings en selfs lewens. Dit verraai ook dieselfde grondliggende selfsug as die eerste katalogus.

Uitman (1972:80-81) identifiseer hierdie sondes as tiperend van 'n gemeenskap in oorgang: vinnige sosiale verandering skep kosmiese

vervreemding en dit veroorsaak eensaamheid en isolasie van die individu met diep selfsug, selfgeding en vyandigheid teenoor ander as gevolg daarvan. Kolossense 3:7 noem dit die lewenstyl van die onbekeerdes (vgl. *periepathōsate pote*; MacDonald, 2000:136). Onbekeerdes is mense wat steeds in die ryk van die duisternis verkeer, as kosmiese bannelinge leef en nog nie die verhuising meegemaak het na die koninkryk waar Christus die Koning van alle dinge is nie.

In die plek van bogenoemde sondes word die lewe in die ryk van Christus gemotiveer deur die vrede van Christus wat in die harte van die bekeerdes regeer (Kol. 3:15 – *kai; hē eijrhnh tou Cristou brabeuētō eij tai~ kardiai~ umwōn*). Die vrede van Christus wat in die hart van 'n mens regeer, sluit sy hele lewe in in die versoening met God in Christus. Lohse (1971:150) merk op dat hierdie vrede van Christus die sfeer word waarin gelowiges lewe – veral binne die sosiale dimensie van die kerk as liggaam van Christus. Die vrede van Christus is in hierdie sin 'n uitdrukking van die nuwe kosmiese orde wat tot stand gekom het in die Christusgebeure, gefokus in die kerk as die sentrum van die heerskappy van Christus. Dit word dan die bepalende motief in die lewens van Christene, en nie vrees vir enige kosmiese magte nie, ook nie die vrees van 'n kosmiese banneling nie, en ook nie vrees vir die oordeel van God wat wag op hulle wat die ontelbare asketiese wette oortree het nie.

Bogenoemde word selfs nog duideliker wanneer 'n mens oorweeg dat die nuwe mens wat 'n bekeerling moet aantrek, niemand anders is as Christus self nie (vgl. Rom 13:14). Gelowiges staan voor God, beklee met Christus, in 'n nuwe korporatiewe identiteit. Die praktiese konsekwensies hiervan word in Kolossense 3:12-14 uitgespel. Een van die sleuteldeugde hier is vergewing. Hierdie deug word nie alleen gemotiveer deur die vergewing wat in Christus ontvang is nie, maar weerspieël en verkondig ook hierdie vergewing (vgl. Kol. 3:17). Dit is belangrik om op te merk dat al die deugde wat hier genoem word, deugde is wat gemeenskap *skep* tussen mense. Dit staan teenoor die *gemeenskapsvernietigende* sondes waarna hierbo verwys is.

Kolossense 3:11 is van besondere belang. Hierdie vers onderstreep die absolute gelykheid van alle mense in die gemeenskap met Christus. Geeneen van die ou status-kategorieë van die Hellenistiese samelewing word in die gemeenskap van die kerk gehandhaaf nie (vgl. MacDonald, 2000:138-139). Die mure van meerderwaardigheid en minderwaardigheid (en daarom van wedersydse vyandigheid) wat op etniese, kulturele, taal of sosiale oorwegings gebou

was, bestaan nie meer in die kerk nie. Selfs mense wat aanvanklik nie as mense beskou is nie en as weersinwekkend deur ander ervaar is, naamlik die slawe, ontvang 'n volwaardige plek in die nuwe gemeenskap. In die liggaam van Christus, waar Hy die Koning van alle dinge is, is daar slegs een bepalende werklikheid: Christus waarmee almal bekleed is, asook die liggaam van Christus waarvan almal deel is en waartoe almal in gelyke mate geroep is. Op hierdie manier word die gemeenskap van die kerk 'n tuiste vir alle mense wat vreemdelinge geword het in 'n wêreld wat hulle nie meer hulle huis kan noem nie. Die kerk, as die liggaam van Christus, word 'n gemeenskap van hoop en bevryding, omdat die hoopgevulde verwagting van die terugkeer van Christus en die bevryding van sonde in gemeenskap met Christus prakties en konkreet geaktualiseer word in die interpersoonlike en interkulturele verhoudings binne die kerk (vgl. Hein, 2004:311). Op hierdie wyse word die kerk 'n eksemplariese (byna sakramentele) gemeenskap wat heenwys na die volheid van verlossing in Christus by sy terugkeer.

Nie een van hierdie etiese opdragte maak sin los van die fundamente van die kosmologiese narratiewe van Kolossense nie. Hulle besit geen oorredingsvermoë of gesag sonder die dryfkrag van die verhaal van kosmiese versoening in Christus nie. Daar is veral ook geen dryfkrag of gesag buite die konteks van die kosmiese migrasie na 'n nuwe heelal toe nie. Hierdie migrasie word uitgedruk in die doop wat bekeerlinge ondergaan wanneer hulle die evangelie van Christus, die Koning van alle dinge, hoor en glo.

5. Gevolgtrekking

'n Etiese diskussie, wat niks meer doen as om opdrag teenoor opdrag te stel nie, bereik selde meer as om vir bekeerdes te preek of om die vrede te versteur van dié wat nie wil hoor nie. Dit reduceer Christelike etiek tot 'n harde en liefdelose legalisme en asketisme wat geen aantrekkingskrag inhou vir mense wat seergekry het en desperaat is vir troos en verlossing nie. Wanneer etiese diskussie egter gevoer word binne die konteks van kosmologiese narratiewe, word betekenisvolle gesprek 'n moontlikheid. Aan die een kant skep dit geleentheid om die dieptes van mense se wanhoop te peil wanneer hulle hulle in 'n onherkenbare en skrikwekkende wêreld bevind – 'n ervaring wat dikwels ewe skrikwekkende vyandigheid tot gevolg het. Aan die ander kant bied dit ook die geleentheid om die evangelie van Jesus Christus op so 'n manier met mense te deel dat hulle diepste seer en onsekerheid aangeroe word. Christelike etiek word dan 'n uitdrukking van die vrede van Christus – 'n vrede wat

nie bloot 'n esoteriese hippie-mantra is nie, maar die nuwe kosmiese orde in 'n heelal waar Christus die Koning van alle dinge is deur die versoening wat Hy bewerk het in sy dood en opstanding. Die lewens van Christene word dan 'n uitnodiging om emigrasie te oorweeg, om te verhuis na 'n nuwe kosmos, *uit* die heerskappy van die duisternis *na* die ryk van die geliefde Seun!

Geraadpleegde bronne

- ARNOLD, C.E. 1989. Ephesians, power and magic: the concept of power in Ephesians in the light of its historical setting. Cambridge: Cambridge University Press. (Manuscript Series of the Society of New Testament Studies, 63.)
- ARNOLD, C.E. 1995. The Colossian syncretism: the interface between Christianity and folk belief at Colossae. Tübingen: Mohr.
- ATTRIDGE, H.W. 1994. On becoming an angel: rival baptismal theologies at Colossae. (In Bormann, L., Del Tredici, K., Standhartinger, A., eds. Religious propaganda and missionary competition in the New Testament world: essays honouring Dieter Georgi. Leiden: Brill. p. 481-498.)
- BOWKER, J.W. 1990. Cosmology, religion and society. *Journal of religion and science*, 25(1):7-23.
- CHARLES, R.H. 1913. The apocrypha and pseudepigrapha of the Old Testament (2 vol.). Oxford: Clarendon.
- COLLINS, J.J. 1977. Cosmos and salvation: Jewish wisdom and apocalyptic in the Hellenistic age. *History of religions*, 17(1):121-142.
- DE VILLIERS, J.L. 1998a. Philosophical trends in the Graeco-Roman world. (In Du Toit, A.B., ed. Guide to the New Testament. Vol. 2: The New Testament environment. Halfway House: Orion. p. 169-190.)
- DE VILLIERS, J.L. 1998b. Religious life. (In Du Toit, A.B., ed. Guide to the New Testament. Vol. 2: The New Testament environment. Halfway House: Orion. p. 191-214.)
- DODDS, E.R. 1965. Pagan and Christian in an age of anxiety. Cambridge: Cambridge University Press.
- DORAN, R. 1995. Birth of a worldview: Early Christianity in its Jewish and pagan context. Boulder: Westview.
- ELIADE, M. 1965. Cosmos and history: the myth of the eternal return. Princeton: Princeton University Press.
- EVANS, C.A. 1982. The Colossian mystics. *Biblica*, 63:188-205.
- FERGUSON, E. 1987. Backgrounds of Early Christianity. Grand Rapids: Eerdmans.
- FRANCIS, F.O. 1975. The background of *embateuein* (Col. 2:18) in legal papyri and oracle inscriptions. (In Francis, F.O. & Meeks, W.A., eds. Conflict at Colossae: a problem in the interpretation of early Christianity illustrated by selected modern studies. Missoula: Scholars Press. p. 197-207.)
- GEERTZ, C. 1973. The interpretation of cultures. London: Hutchinson.
- GRANT, F.C. 1962. Roman Hellenism and the New Testament. Edinburgh: Oliver & Boyd.
- HEIN, M. 2004. God, in your grace transform the world: a Biblical meditation. *Ecumenical review*, 56(3):308-311.

- HOFFECKE, W.A. 1986. Preface: perspective and method in building a worldview. (In Hoffecker, W.A., ed. Building a Christian worldview. Vol 1: God, man and knowledge. Phillipsburg: Presbyterian & Reformed Press. p. ix-xvi.)
- JOHNSON, L.T. 1999. The writings of the New Testament: an interpretation. Minneapolis: Fortress.
- KOESTER, H. 1995. History, culture and religion of the Hellenistic age. New York: Walter de Gruyter.
- LOHSE, E. 1971. Colossians and Philemon: a commentary on the epistles to the Colossians and to Philemon (Hermeneia). Philadelphia: Fortress.
- LOHSE, E. 1976. The New Testament environment. Nashville: Abingdon.
- LOUW, J.P. & Nida, E.A., eds. 1989. Greek-English lexicon of the New Testament based on semantic domains. Vol. 1. Cape Town: Bible Society of South Africa.
- MACDONALD, M.Y. 2000. Colossians and Ephesians. Collegeville: Liturgical Press. (Sacra Pagina, 17.)
- MARXSEN, W. 1993. New Testament foundations for ethics. Minneapolis: Fortress.
- ODEN, R.A. 1992. Cosmogony, cosmology. New York: Doubleday. (Anchor Bible Dictionary, vol. 1.)
- PETERSEN, N.R. 1978. Rediscovering Paul: Philemon and the sociology of Paul's narrative world. Philadelphia: Fortress.
- PETERSON, G.R. 2001. Religion as orienting worldview. *Zygon*, 36(1):5-19.
- RIDDERBOS, H.N. 1960. Aan de Kolossenzen. Kampen: Kok. (Commentaar op het Nieuwe Testament.)
- ROBERTS, J.H. 1998. Jewish mystical experience in the Early Christian era as background to understanding Colossians. *Neotestamentica*, 32(1):161-189.
- SAPPINGTON, T.J. 1991. Revelation and redemption at Colossae. *Sheffield: Journal for the Study of the Old Testament*.
- SCHOLEM, G.G. 1964. Major trends in Jewish mysticism. New York: Schocken.
- SCHWEIZER, E. 1963. Das hellenistische Weltbild als Produkt der Weltangst. (In Schweitzer, E. 1963. *Neotestamentica: deutsche und englische Aufsätze 1951-1963*. Zürich: Zwingli Verlag. S. 15-27.)
- SCHWEITZER, E. 1971. swma. *Theological Dictionary of the New Testament*. Vol. 7. p. 1024-1094.
- STANDHARTINGER, A. 1999. Studien zur Entstehungsgeschichte und Intention des Kolosserbriefs. Leiden: Brill. (Novum Testamentum Supplement, 94.)
- UITMAN, J.E. 1972. De brief van Paulus aan de Colossenzen: de prediking van het Nieuwe Testament. Nijkerk: Callenbach.
- VAN RIESSEN, H. 1970. Wijsbegeerte. Kampen: Kok.
- VERGEER, W.C. 1994. SKIA and SWMA: the strategy of contextualisation in Colossians 2:17: a contribution to the quest for a legitimate contextual theology today. *Neotestamentica*, 28(2):413-442.
- WILSON, W.T. 1997. The hope of glory: education and exhortation in the epistle to the Colossians. Leiden: Brill. (Supplement to *Novum Testamentum*, vol. 88.)
- WOLTERS, A.M. 1985. Creation regained: a Biblical basis for a reformational worldview. Grand Rapids: Eerdmans.

Kernbegrippe:

Christus as kosmiese Koning
eties
kerk as eksemplariese gemeenskap
kosmologiese narratiewe
versoening
vyandskap
wêreldbeskouing

Key concepts:

animosity
Christ as cosmic Lord
church as exemplary community
cosmological narratives
ethics
reconciliation
worldview